**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We are honest.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 25 JUNIE 2020 OM 12:00 VANAF PIKETBERG.**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. SM Lesch | : | Bestuurder: Administrasie (waarnemend) |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner: Wes |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/06/2020**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering.

***

**BKN002/06/2020**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadsdame SM Crafford – afwesig met verskoning
Mev. J Erasmus – ander munisipale verpligtinge

***

**BKN003/06/2020**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar kollektief dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/06/2020**
**VISHUISPERSELE: ERF 486, VELDDRIF (BOKKOMLAAN)**
**7/2/3/2; V. 486 - SEKURITEITE**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels, lei die item in.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste en die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur gee aanvullende inligting met betrekking tot die item onder bespreking.

Na uiteenlopende kommentaar en insette deur die Komiteelede word die onderstaande aanbevelings geformuleer vir oorweging deur die Raad.

**BESLUIT**

1. Dat die bestaande huurkontrakte van die vishuise verleng word met 9 maande vanaf 01 Julie 2020 tot 31 Maart 2021; en

2. Dat verhuring van die vishuise na 31 Maart 2021 plaasvind aan die hand van hersiene huurooreenkomste opgestel met inagneming van die Erfenis Bewaring Bestuursplan van Bokkomlaan vir ‘n termyn bepaal deur die Raad en ooreenkomstig voorsieningskanaalbestuur prosedures.

***

**BKN005/06/2020**
**EXPANDED PUBLIC WORKS PROGRAMME (EPWP): GOEDKEURING EN REGISTRASIE VAN EPWP PROJEKTE**
**5/9/7**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels, lei die item in. Die Direkteur Tegniese Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gegee deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die aangehegte projekte, aangeheg as "BYLAE I" in die verslag, goedgekeur word vir registrasie by die Expanded Public Works Programme (EPWP) vir die 2020-2021 jaar; en
2. Dat die projekbedrae proporsioneel aangepas word indien die toekenning aangepas word.

*******

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:45***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***